

Saterdag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 12

Fokusgedeelte: Jesaja 12:4

Maak die Here se verlossingsdaad aan die volke bekend

Jesaja se boodskap wat hy van die Here ontvang het, is om Israel en Juda te waarsku van die Here se komende oordeel. Hulle het in afgodery verval, hulle het nie op die oproep tot bekering ag gegee nie, en daarom sal die Here hulle in ballingskap wegvoer. Saam met die oordeel kom daar egter ook 'n boodskap van hoop en herstel. Die Here sal 'n oorblyfsel laat oorbly en in hulle midde sal die Immanuel (God met ons) (Jes. 7:14; Jes. 9) wees. Sy genade word sigbaar in die koms en die regverdige regering van die Messias.

Waar die Messias-koning regeer, word die toorn van die Here afgeweer en ontvang die volk heerlike vertroosting en seëninge. Hy maak die krag van die Here sigbaar, en daarom kan die volk hulle volle vertrouwe op Hom stel. Waar die Messias regeer, word die volk gerig tot dankbaarheid, wat op verskillende maniere sigbaar word. Hulle sal die Here dank en hulle sal in gemeenskap met Hom leef deur sy Naam aan te roep. Hulle sal ook van sy werke vertel en getuig dat sy Naam groot is.

Ons Vader het in sy toorn, wat vir ons bestem was, oor Christus ontbrand aan die kruis op Golgota. Hy het sy toorn van ons afgewend. Dit moet ons daaglik tot dankbaarheid stem dat ons nou in ware gemeenskap met Hom kan leef en gehoorsaam aan sy gebod kan wees. As dankbare, verlose kinders het ons nou die roeping om te vertel wat Hy vir ons gedoen het. Dit kan ons vertel deur blymoedig die Naam van die Here te verheerlik. Die getuienis wat ons nou kan uitleef, dien tot die Here se eer en dat ons Hom alleen sal loof en prys.

Sing: Psalm 97-1:1, 7

Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)